



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

GESKIEDENIS V2

MODEL 2014

ADDENDUM

Hierdie addendum bestaan uit 12 bladsye.

VRAAG 1: HOE HET DIE IDEES VAN DIE SWARTBEWUSSYNSBEWEGING DIE APARTHEIDSREGERING GEDURENDE DIE 1970's UITGEDAAG?**BRON 1**

Die uittreksel hieronder fokus op die filosofie van Swart Bewussyn (SB).

Swart Bewussyn (SB) het 'n selfbevrydingsleer en 'n strategie geword om die politieke stagnasie waarin Suid-Afrika gedurende die 1960's verval het, te ontsnap. SB was ook die teelaarde vir 'n nuwe geslag leiers en die opleidingsterrein om organisasievaardighede oor te dra. SB het daarin geslaag om selfstandigheid as 'n uitvoerbare (praktiese) bevrydingstrategie gewild te maak. Hul inisiatiewe om 'n studentebeweging en volwasse politieke organisasies te stig, leierskapopleidingsprogramme in te stel en om 'n filosofie te formuleer wat eens was met die waardigheid van die onderdruktes, was 'n bewys dat selfstandigheid haalbaar was. Die take wat die SB opgelê het, was om kwynende gemoedere en gehawende selfvertroue op te hef; om identiteit en menswaardigheid te herstel; om ongevoeligheid en stagnasie te beveg; om rassestereotipes om te keer; om ontslae te raak van die arsenaal (versameling) komplekse wat by individue en gemeenskappe gespook en hulle onder gehou het; om selfvertroue en selfstandigheid in te skerp en om die massas in hul stryd om bevryding te versterk.

[Uit: *The Road to Democracy in South Africa Vol. 2* deur MV Mzamane et al.]

BRON 1B

Hierdie bron beskryf die organisasies wat as gevolg van die filosofie van Swart Bewussyn gestig is.

Daarbenewens het sommige van die jong onderwysers, ook in Soweto, van die etniese verdeelde kampusse van Fort Hare en die Universiteit van die Noorde gekom, waar hulle die Suid-Afrikaanse Studente-organisasie (SASO) gestig het. Die organisasie was op die filosofie van Swart Bewussyn gebaseer en is met Steve Biko geassosieer. Hierdie professionele jongmense het 'n groot invloed op opkomende studente-organisasies gehad, soos die Suid-Afrikaanse Studentebeweging (SASB/'SASM') wat in skole gestig is. Party vertellings verwys ook na die SASB as 'n skoolgebaseerde tak van SASO. Verklarings deur SASB en SASO het die groeiende opgewondenheid weerspieël wat deur swart jongmense gevoel is, geïnspireer deur die werkerstaking van 1973 in Durban, die val van die Portugese regerings in 1975 in Angola en Mosambiek en die suksesse van weerstandsbewegings in die oorlog in Rhodesië ...

[Uit: *Recollected 25 years later Soweto 16 June 1976* deur E Brink et al.]

BRON 1C

Hierdie uittreksel fokus op die reaksie van die apartheidsregering op die filosofie van Swart Bewussyn gedurende die 1970's.

... SASO se vermoë om gelyktydige boikotte suksesvol te hanteer het bygedra tot die regering se opvatting dat Swart Bewussyn 'n bedreiging was. Hulle het nie onmiddellik gereageer nie, maar vroeg in 1973 het die Minister van Staatsveiligheid, kort na die verbanning van agt NUSAS-leiers, ook die leierskap van die SASO en die BPC ('Black People's Convention') verban. Die verbanne lede het Nengwekhulu, Biko, Pityana, Cooper, Moodley en Mafuna ingesluit, wat byna almal uit die staanspoor belangrik was vir die ontwikkeling van die Swartbewussynsfilosofie ... Hulle is na hul tuisdorpe verban en verbied om openbare vergaderings by te woon of om te publiseer. So het die stigters van Swart Bewussyn in wese uit die openbare lewe, wat hulle vroeër verkry het, verdwyn. Hulle is steeds geraadpleeg, maar hierdie en daaropvolgende verbannings het die weg gebaan vir 'n nuwe geslag leiers wat mense soos Tiro ingesluit het, wat vir hulself naam gemaak het deur nie net te organiseer en te teoretiseer nie, maar ook deur die staat te konfronteer ...

Hierdie nuwe geslag leiers was opgewonde toe die 'junta (militêre regering) van nasionale bevryding' die Portugese regering in April 1974 omvergewerp het ... Duisende Afrikane het vrylik in Lourenço Marques (Maputo) feesgevier en Eerste Minister Vorster het met heelwat onderbeklemtoning toegegee dat die gebeure wit Suid-Afrika sou 'beïnvloed'.


Soos wat die winter in lente verander het, het die beweging 'n landwyse reeks byeenkomste om die gebeurtenis in Durban, by Currie's Fountain Sportgronde, in Johannesburg en ook by die hoogs georganiseerde en militante Universiteit van die Noorde te herdenk, aangekondig.

Jimmy Kruger, die Minister van Staatsveiligheid, het beloof dat hierdie byeenkomste nie sou plaasvind nie ... Toe die stof laat in September en vroeg in Oktober gaan lê het, is die vrese van die King William's Town-kontingent bewaarheid. Polisieklompjagte het byeenkomste van 'n duisend mense elk by Currie's Fountain en Turfloop opgebreek en dosyne leiers is aangehou, insluitend voorheen verbanne individue soos Cooper en Moodley, asook die hele leierskorps van SASO, BPC en die SR (studenteraad) van die Universiteit van die Noorde. Aan die einde van 1974 was meer as sestig Swartbewussyn-aktiviste in aanhouding.

[Uit: *The Law and the Prophets: Black Consciousness in South Africa, 1968–1977* deur DR Magaziner]

BRON 1D

Hierdie spotprent, deur Zapiro geteken, herdenk die nalatenskap van die gewese Swartbewussynleier, Stephen Bantu Biko, se stryd teen die apartheidsregering.



[Uit: Die Sowetan, 12 September 1997]

Vertaling:

BIKO 20 jaar later, 'n
onuitwisbare nalatenskap

VRAAG 2: HOE HET DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) SUID-AFRIKA GEHELP OM DIE VERLEDE TE AANVAAR?**BRON 2A**

Die bron hieronder fokus op die rol van genesing en die proses van 'genesing' en die herlewing van menseregte in post-apartheid Suid-Afrika.

Die WVK was nogtans daarvan bewus dat daar 'geen kitsoplossing vir die genesing van die nasie' was nie en dat dit wat aangebied is, een stap in 'n langertermynproses was. Binne die WVK self was daar egter ten minste twee ineengestrengelde gesprekke wat hierdie 'genesingspraktyke' vorm gegee het ... Aan die een kant het baie slagoffers heelwat erkenning vir en bekragtiging van hul pyn en smart (marteling) gekry. Aan die ander kant het baie slagoffers geglo in die simboliese gesprekke (redevoering) oor 'genesing', wat mense fantasieë laat opwek het dat hulle heeltemal 'genees' kon word deur 'vergifnis'. Hierdie idees was duidelik in die woordeskat van Aartsbiskop Tutu.

Ons het die dier van ons donker verlede in die oë gekyk en ons het die beproewing oorleef. En ons besef dat ons inderdaad bo die konflik van die verlede kan uitstyg; ons kan hande vashou en bewus wees van ons gemeenskaplike mensheid ... Vergifnis sal op skulderkenning volg en genesing sal plaasvind en so tot nasionale eenheid en versoening bydra.

Maar die WVK is deur verskillende denkrigtings gekenmerk, soos werkers wat onderskei het tussen 'fisiologiese', 'geestelike' en 'sielkundige genesing' ...

Ten spyte van al hul tekortkominge het die WVK belangrike bydraes gemaak. Soos Ignatieff gesê het: 'Al wat 'n waarheidskommissie kan bereik, is om die aantal leuens wat onbetwis in die publieke gesprek gesirkuleer kan word, te verminder.' Teen hierdie beskeie maatstaf geëvalueer, was die WVK 'n sukses. Sedert die WVK is dit moeilik vir rassiste en konserwatiewes om die voorkoms van apartheidswandade te bevraagteken. Baie oorlewendes het openbare erkenning gekry en heelwat 'waarheid' bevestig oor wat met hulle en hul geliefdes gebeur het ...

[Uit: <http://www.riehr.com.ar/archivos/Investigacion/PoliticosofDisappointment.pdf>.
Toegang verkry op 17 September 2013]

BRON 2B

Hierdie spotprent deur Zapiro beeld die voormalige Minister van Justisie, Dullah Omar, se poging uit om die WVK in 1995 te stig.

**Vertaling:**

Indien ons nie uitvind
wat daarbinne skuil
nie, sal dit vir ewig by
ons spook!

Waarheidskommissie

SA se verlede

[Uit: http://sthp.saha.org.za/resources/images/Archbishop_Tutu/Tutu_TRC-1.jpg.
Toegang verkry op 5 Februarie 2013]

BRON 2C

Hierdie getuienis deur Nonhle Mohapi is in 1996 by die WVK-verhore in Oos-Londen gelewer.

In 1976 het ek 'n weduwee geword; ek het 'n weduwee van die apartheidsregering geword. Toe die WVK begin het, was ek skepties, het nie geweet wat om van die proses te verwag nie, maar ek het vorentoe gekyk. Ek het myself voortdurend (geduldig) daaraan herinner dat die hoofrede waarom ek besluit het om by die WVK te getuig, was om die waarheid te ontsluit oor hoe my geliefde man, Mapetla Mohapi, gesterf het. Ek het verwag om die volle waarheid uit die WVK-proses te kry. Dit is waar dat die WVK 'n politieke proses was wat die konsep van nasiebou en die reënboognasie gesmee het. Maar was dit ten koste van duisende swart slagoffers en families wat in Suid-Afrika woonagtig was ...?

As 'n liefdevolle moeder en vrou het ek die geleentheid verwelkom nadat ek vir byna 20 jaar geduldig gewag het om voor die kommissie te verskyn om vir die waarheid te vra.

[Uit: *Truth and Reconciliation in South Africa: 10 Years On* deur C Villa-Vicencio en F du Toit]

BRON 2D

Hierdie weergawe van Gobodo-Madikizela fokus op die waarde van die WVK.

'En so dink ek dis belangrik om te besef dat daar soms 'n baie dun lyn tussen geskiedenis en die werklikheid is. Wat ons in die Waarheids-en-Versoeningskommissie probeer doen, is om daardie geskiedenis 'n werklikheid te maak. Nie om dit net 'n objek van die verlede te maak nie, maar iets wat werklik is. Daar is baie omstredenheid oor hoe die Waarheidskommissie versoening nastreef, en geregtigheid vir waarheid opoffer, en hoe versoening in werklikheid 'n aanvaarding van boosheid is. Maar terwyl ek deel van die Waarheidskommissie is en baie slagoffers na die getuiebank sien loop om hul stories te vertel, word ek elke dag herinner aan hoe ons konsepte soos geregtigheid definieer. Byvoorbeeld hoe ons daardie definisies formuleer, is deurslaggewend vir die gevolgtrekking wat ons oor daardie konsepte maak. Geregtigheid, sover dit baie slagoffers betref wat na die Kommissie gekom het, is iets totaal verskillend van hoe iemand wat nie daardie ondervinding gehad het nie, geregtigheid definieer.

'Ek word dikwels by die Waarheidskommissie aangegryp deur hoe slagoffers geregtigheid beskou as 'n bekragtiging van hulself, as 'n herbevestiging van hulself, iets wat vir hulle sê: "Jy was reg. Jy was reg. Die stelsel wat jou bedreig het, die stelsel wat alles weggeneem het wat jy gehad het, was verkeerd, maar jy was reg!" En die geleentheid vir hierdie slagoffers om hul stories te kom vertel, om oor dit wat hulle verloor het en hul pyn te praat – intendeel, die pyn van stilte om te praat oor die pyn – dit is vir die eerste keer by die Waarheidskommissieverhore verbreek en is opsigself genoegsame erkenning vir familieleden. Vir my is dit verhewe bo enige strewe na geregtigheid omdat dit geregtigheid op 'n baie betekenisvolle manier verpersoonlik. Dit is herstellende geregtigheid; dit is nietemin geregtigheid.'

[Uit: www.facinghistoryandourselves.org. Toegang verkry op 18 September 2013]

VRAAG 3: HOE HET GEWONE MENSE NA DIE 1990's OP GLOBALISERING GEREAGEER?**BRON 3A**

Hierdie bron fokus op die gevolge van globalisering vir beide ryk en arm nasies.

Globalisering het gelei tot: 'n toename in internasionale handel; 'n maatskappy wat in meer as een land besigheid bedryf; groter afhanklikheid van die globale ekonomie; vryer beweging van kapitaal (geld), goedere en dienste; erkenning van maatskappye soos McDonald's en Starbucks in ekonomies minder ontwikkelde lande (EMOL).

Alhoewel globalisering waarskynlik help om meer rykdom in ontwikkelende lande te skep, help dit nie om die gaping tussen die wêreld se armste lande en die wêreld se rykste lande te verklein nie. Globalisering het veroorsaak dat baie besighede in ander lande begin of gekoop is. Maatskappye wat in verskeie lande besigheid doen, word multinasionale maatskappye (MNM'e) of transnasionale maatskappye (TNM'e) genoem. Die Amerikaanse kitskoskettingwinkel, McDonald's, is 'n groot MNM – dit het byna 30 000 restaurante in 119 lande.

Globalisering word meestal bedryf in belang van die rykste lande, wat voortgaan om wêreldhandel ten koste van ontwikkelende lande te oorheers. Die rol van EMOL'e in die wêreld ekonomie (wêreldmarkte) is hoofsaaklik om die Noorde en die Weste van goedkoop arbeid en grondstowwe te voorsien. Daar is geen waarborg dat die rykdom uit inwaartse belegging die plaaslike gemeenskap sal bevoordeel nie. Die wins word dikwels na die ekonomies meer ontwikkelde land teruggestuur waar die TNM gebaseer is. Transnasionale maatskappye kan plaaslike maatskappye laat toemaak. As dit goedkoper is om in 'n ander land besigheid te doen, kan die TNM die fabriek toemaak en plaaslike mense werkloos laat.


Die afwesigheid van streng toegepaste internasionale wette kan beteken dat TNM'e in EMOL'e besigheid kan bedryf op 'n manier wat nie in ekonomiese meer ontwikkelde lande toegelaat sal word nie. Hulle kan die omgewing besoedel, risiko's loop met betrekking tot veiligheid, of plaaslike werkers blootstel aan swak werkomstandighede en klein lone.

[Uit: http://www.bbc.co.uk/schools/gcsebitesize/geography/globalisation/globalisation_rev5.shtml.

Toegang verkry op 20 September 2013]

BRON 3B

Die spotprent hieronder is op 8 Desember 2004 deur M Wuerker geteken. Dit beeld uit hoe multinasionale maatskappye in die Verenigde State van Amerika besigheid in die geglobaliseerde wêreld gedoen het.



[Uit: <http://www.cartoonistgroup.com/subject/TheGlobal+Economy-comics-and-cartoons-by-Matt+Wuerker's+Editorial+cartoons.php>. Toegang verkry op 20 September 2013]

BRON 3C

Die bron hieronder is geskryf deur 'n lid van die Anti-globaliseringsbeweging. Dit fokus op die rol wat die Wêreldhandelsorganisasie (WHO) met betrekking tot globalisering gespeel het.

Met die sing van 'Hey, hey, ho, ho, the WTO has got to go!' ['Hey, hey, ho, ho, die WHO moet gaan!'], en 'The people united, we'll never be divided!' ['Die mense staan saam, ons sal nooit verdeel word nie!'], het die 'fees van weerstand' begin ... gevolg deur 'n vrolike samekoms van tromspelers en fluitspelers wat die ritme begin het.

'n Inspirerende, geesdriftige grondvlak-koalisie van die onwaarskynlikste individue was besig om in die strate van die middestad van Seattle saam te kom om hul sterk misnoeë met 'n gemeenskaplike vyand te wys; die afbrekende, korporatiewe heerskappy van die Wêreldhandelsorganisasie ... die WHO.

Die betogers het vakunie-staalwerkers en hul families, omgewingskenners, ou hippies, kollege-studente, oumas, trekarbeiders uit Mexiko, Tibettaanse monnike, hongerloonfabriekswerkers (fabriekwerkers wat klein lone verdien en lang ure onder swak werksomstandighede werk) uit die Pasifiese Kom ('Pacific Rim'), diereregte-aktiviste wat soos seeskildpaaie aangetrek was en 'n paar 'wilde, mal' nonne ingesluit. Wat 'n partytjie!

Hierdie mooi bontspul mense was ook geleerd en goed ingelig oor die vraagstukke oor die WHO se aktiwiteite. Hulle het hul huiswerk gedoen. Vir die afgelope vier dae wat ek in Seattle was, en vir 'n paar weke voor dit, is verskeie werkwinkels en seminare oor 'n verskeidenheid nasionale en internasionale vraagstukke by die plaaslike vakunie-sale en kerke gehou.

Vraagstukke wat bespreek is, het gewissel van die produksie van geneties gemanipuleerde voedsel; hongerloonfabrieke in Indonesië, Pakistan, Mexiko en die Filippyne; die stroop van woude; dierebeskermingswette; beesvleishormone; giftige lug, water en grond; die verlies van Amerikaners se werk aan oorsese markte (ek sal sê slawearbeid is goedkoper); ... Die primêre agenda van die WHO sluit basies die verkragting van die planeet en die uitbuiting van die werkers deur 'n paar multinasionale maatskappye se hoof uitvoerende beamptes en hoofaandeelhouders in ... in die naam van blatante gierigheid en mag. En hulle wonder waarom so baie mense in die strate opgedaag het om teen hulle in opstand te kom?

[Uit: <http://pecoskid.com/my-writings/anti-globalization-movement-essays-battle-in-seattle/>.

Toegang verkry op 20 September 2013]

BRON 3D

Hierdie foto toon lede van die Anti-globaliseringsbeweging wat teen die Wêreldhandelsorganisasie betoog. Hierdie foto is in 1999 by die protesoptog in Seattle (VSA) geneem.



VRY
om mense en die
natuur uit te buit
HANDEL

ONS DRING AAN OP
'N OPENBARE
STEM!

[Uit: <http://pecoskid.com/my-writings/anti-globalization-movement-essays-battle-in-seattle/>.
Toegang verkry op 20 September 2013]

ERKENNINGS

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

Brink, E et al. 2001. *Recollected 25 years later Soweto 16 June 1976* (Kwela Books)

<http://www.riehr.com.ar/archivos/Investigacion/PoliticsofDisappointment.pdf>

http://www.bbc.co.uk/schools/gcsebitesize/geography/globalisation/globalisation_rev5.shtml

[http://sthp.saha.org.za/resources/images/Archbishop Tutu/Tutu TRC-1.jpg](http://sthp.saha.org.za/resources/images/Archbishop_Tutu/Tutu_TRC-1.jpg)

[http://www.cartoonistgroup.com/subject/TheGlobal+Economy-comics-and-cartoons-by-Matt+Wuerker's Editorial+cartoons.php](http://www.cartoonistgroup.com/subject/TheGlobal+Economy-comics-and-cartoons-by-Matt+Wuerker's+Editorial+cartoons.php)

<http://pecoskid.com/my-writings/anti-globalization-movement-essays-battle-in-seattle/>

<http://pecoskid.com/my-writings/anti-globalization-movement-essays-battle-in-seattle/>

Magaziner, DR. 2010. *The Law and the Prophets, Black Consciousness in South Africa, 1968–1977* (Ohio University Press, Johannesburg)

Mzamane, MV et al. *The Road to Democracy in South Africa Vol. 2*

The *Sowetan*, 12 September 1997

Villa-Vicencio, C and Du Toit, F. *Truth and Reconciliation in South Africa: 10 Years On*

www.facinghistoryandourselves.org